higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N4

(10010494)

5 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: 2 bladsye A3-tekenpapier
2 bladsye A4-tikpapier

Kandidate kan alle noodsaaklike kunsmediums en -toerusting gebruik wat in modetekeninge gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 6 addenda.

171Q1B2005

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, AFDELING A en AFDELING B.

   AFDELING A (verpligtend)

2. Beantwoord VRAAG 1 in die ANTWOORDBOEK.

3. Al die addenda/tekeninge in VRAE 1, 2 en 3 moet in die ANTWOORDBOEK geplak word.

4. Geen los bladsye sal nagesien word nie.

5. Die totaal vir hierdie afdeling is 50 punte.

   AFDELING B (verpligtend)

6. Beantwoord al die vrae op die A3-tekenpapier wat verskaf word.

7. Gebruik slegs EEN kant van die tekenpapier.

8. Beantwoord elke vraag op ’n afsonderlike bladsy tekenpapier.

9. Die totaal vir hierdie afdeling is 150 punte.

10. Kram al die tekeninge in AFDELING B saam, moenie vou nie, en plaas dit in die antwoordboek.

11. Beantwoord al die vrae.

12. Lees al die vrae aandagtig deur.

13. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

14. Skryf netjies en leesbaar.


Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord die volgende vrae op die ANTWOORDBLAD wat voorsien word.

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die volgende skets. Noem elke konstruksieproses soos genommer. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



[Bron: *Skillshare.com*] (10)

1.2 Gebruik ADDENDUM A en kleur die uitrusting in deur gebruikmaking van geblomde materiaal op die bloes en denimmateriaal op die kortbroek. Gebruik enige kleurmedium van jou keuse. Plak dit in die ANTWOORDBOEK. (6)

1.3 Kunsmediums vereis spesifieke papieroppervlakke. Bestudeer die volgende tipes papier of karton en noem EEN kunsmedium wat op elkeen gebruik kan word.

1.3.1 Ingrespapier

1.3.2 Ivoorkarton

1.3.3 Kardoespapier

1.3.4 Waterverfpapier

(4 × 1) (4)

[20]

VRAAG 2

2.1 Gebruik ADDENDUM B en skets 'n ¾-aansig van die volwasse manlike figuur. Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK. (14)

2.2 Gebruik enige kleurmedium van jou keuse en kleur die uitrusting in ADDENDUM C in deur TWEE verskillende mediumtegnieke te gebruik. Plak dit in die ANTWOORDBOEK. (6)

[20]

VRAAG 3

Bestudeer die volgende skets en maak 'n produksietekening van die rok (slegs vooraansig). Gebruik die croquis in ADDENDUM D. Hou alle vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. Plak die tekening in jou ANTWOORDBOEK.



[Bron: *Pinterest.com*] **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

Identity is op soek na vars, nuwe ontwerpe vir jong volwasse dames.

4.1 Maak 'n ontwerp-ontwikkelingsblad wat uit DRIE uitrustings bestaan. Gebruik 'n verskeidenheid kledingstukke: dameslangbroeke, baadjies, rokke, rompe en bloese. Gebruik die croquis in ADDENDUM E. Hou alle vereistes vir 'n goeie ontwerpontwikkelingsblad in gedagte. (50)

4.2 Kies EEN van die uitrustings wat in vraag 4.1 ontwerp is en maak 'n konstruksietekening (slegs vooraansig) van EEN van die uitrustings. Gebruik die croquis in ADDENDUM D. Hou alle vereistes vir 'n goeie konstruksietekening in gedagte. (25)
[75]

VRAAG 5

Edgars is op soek na jong, ontluikende ontwerpers. 'n Kompetisie word van stapel gestuur waarin jy mansklere moet ontwerp.

5.1 Maak 'n ontwerp-ontwikkelingsblad van DRIE mansuitrustings wat bestaan uit hemde, broeke en baadjies. Hierdie uitrustings moet semiformeel wees. Gebruik verskillende teksture. Gebruik die croquis in ADDENDUM F. Hou alle vereistes vir 'n goeie ontwerpontwikkelingsblad in gedagte. (50)

5.2 Kies EEN uitrusting wat in vraag 5.1 ontwerp is en maak 'n voorleggingstekening van die gekose uitrusting, bestaande uit 'n baadjie, hemp en langbroek (slegs vooraansig). Gebruik verskillende teksture. Gebruik die croquis in ADDENDUM F. Hou alle vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. (25)
[75]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |



[Bron: *Festinga.com*]


ADDENDUM B

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

BALANSLYN	

ADDENDUM C


EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |



[Bron: *Pinterest.com*]


ADDENDUM D

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |




ADDENDUM E

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |



ADDENDUM F

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |



Kopiereg voorbehou